# BAIE WELKOM BY SUIDER-PAARL GEMEENTE

## 22 NOVEMBER 2026
## SUIDER-PAARL

08:00 & 09:30 Theo Hay
09:30 SPKIDZ
18:00 Collide/Aanddiens
Vicus Kruger

## 29 NOVEMBER 2026
## SUIDER-PAARL
## KERSSANGDIENS

09:30 Ferreira Marais
18:30 Ferreira Marais


## KLAPMUTS

09:00 Carel van Wyk

## KLAPMUTS

09:00 Nico Kriek

# DANKBAARHEIDSMAAND




*Dankbaar vir elke seën!*

Oktober is ons gemeente se dankbaarheidsmaand,
'n tyd waarin ons stilstaan by die Here se goedheid en voorsiening.
Ons spesiale dankbaarheidsoffer, vroeër bekend
as die Tiende Maandoffer,
is 'n geleentheid om bo en behalwe ons maandelikse dankoffers
'n bydrae uit dankbaarheid te gee.
Hierdie bydraes word vir gemeentewerk aangewend.
Vanjaar is ons mikpunt R1,8 miljoen.
Ons barometer wys hoe die insameling vorder.
Dink gerus aan al ons seëninge, en as jy so gelei word, vra ons dat jy 'n bydrae sal maak.

Dankie vir elke bydrae.
Saam gee ons met dankbare harte!




## KERSSANGDIENS-GESELLIGHEID

Ons het weer `n heerlike saamkuiergeleentheid na afloop van ons kerssangdienste. Ons tema is stylvol-elegant.
Ons bied graag die geleentheid om mekaar te bedien met ons beste tuisgebak of fynproehappies, *soet of sout*.
Voltooi asb die google-vorm
(die skakel is op die WhatsApp-groep) of die lyste voor in die kerk met jou eetgoeddonasie.

## SPKIDZ

**Gr 1:** My hart is 'n tuin waarin God graag saad saai.
Ons kyk na die gelykenis van die saaier.

**Gr 2:** Die opwindende tyd van die jaar: Kersfees.
Ons gaan kyk na sommige van die Ou Testament se profete en hulle voorvertelling van Jesus se koms. Die mense het vir baie jare gewag vir die Messias om op te daag.

**Gr 3:** God herstel graag verhoudings. Ons leer vandag van Dawid en Mefibosit, Jonathan se seun.

**Gr 4:** Hoekom moet ons ander mense van Jesus vertel?
Hoe doen ons dit?

**Gr 5:** Ons soek na interessante diere in die Bybel.

**Gr 6:** Wat beteken lofprysing en aanbidding werklik?

**VANDAG IS DIE LAASTE SPKIDZ VIR 2026.**
**GENIET 'n GESEëNDE FEESTYD SAAM MET JULLE KINDERS.**

# LEGENDES - GOUDINI WEGBREEK

Kom kuier saam met die ander legendes op **Goudini** in die mooie
**SLANGHOEK-VALLEI**
'n Heerlike viernag-wegbreek en onvergeetlike samesyn.
Ons gaan tuis in pragtige huisies op die terrein.
**DATUM:**
**15-19 Februarie 2027**
Kom kuier en ontspan saam. Maak nuwe vriende en geniet lekker uitstappies. Bespreek jou plek by die kerkkantoor.
#LegendesGoudini

# SOS-SOPKOMBUIS

**GESKENKPAKKIES**

SOS se sopkombuis gee deur die jaar kos vir mense van die gemeenskap en bou só 'n mooi verhouding met hulle.
**Ons droom** is dat elkeen vir Jesus deur die liefde en versorging sal leer ken! Hierdie Kersfees wil ons die boodskap dat ons Jesus se koms wil vier, ook vir hulle kom wys deur 'n geskenkpakkie vir elkeen te gee.
Ons wil ons gemeente die geleentheid gee om te help.
Ons benodig ongeveer 80 pakkies, wat elkeen omtrent R100 werd is.
**Dit bestaan uit die volgende items:**
Seep, waslappie, tandeborsel en -pasta, lyfroom, deodorant en ietsie soets.
**Hoe kan jy help?**
Dalk deur 'n pakkie of twee te borg, of van die items by die kerkkantoor te kom afgee. Ons wil dit graag teen 6 Desember in die kerkkantoor hê sodat ons dit op 10 November vir die mense kan uitdeel. Dankie dat jy deel is van ons gemeente se uitreik na die gemeenskap.

# VERJAARSDAE

**22/11** Liani Alting-Mees
Dricus Basson
William Benzin
Hannes Cilliers
Lowe Coetzer
Burggraaf Lambrechts
Naldo Lodewyk
Tineke Louw
Manie Malan
De Wet Müller
Soné Poggenpoel
Marlee Smit
Chené Steenkamp
Tanya van Staden

**23/11** Johan Breet
Karen Coetzee
Anja le Roux
Anette Meyer
Albert Roux
Amber Vraagom

**24/11** Rachel Britz
Hein de Lange
Morné Esterhuizen
Johan Rainsford
Willem van Wyk
Jaco Verreynne
Anettha Williams

**25/11** Carl Arnold
Kailor Cloete
Marlie de Villiers
Trudie de Wet
Rozanne Human
Christiaan Kemp
Helen Keuler
Elske Laity
Lizelle Roux
Corné Schoeman

*Veels geluk*

**26/11** Juandré Hunkerman
Marina Joubert
Rentia Lawson
Dewald Meyer
Liesl Steenkamp
Roseleen Viktor

**27/11** Bernard Grové
Bella Kruger
Ebbie Lambrechts
Denise Louw
Inge Naudé
Lois-Mari Rossouw
André vd Berg
Hannah vd Merwe

**28/11** Abe Claassen
Miennie Cupido
Ronél Fourie
Leithon Mintoor
Andreas Steyn
Abraham Zimmerie

# VAKATURE: SUIDER-PAARL GEMEENTE

## SUIDER-PAARL GEMEENTE:
## VAKATURE ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

Suider-Paarl Gemeente het tans ‘n vakature vir ‘n geskikte persoon om as Administratiewe Beampte in die kerkkantoor op te tree.
Dit is ’n voldagpos: Weeksdae 08:00 - 16:00.

## POSBESKRYWING

Die geskikte persoon sal ‘n integrale rol speel in die dag-tot-dag werksaamhede van die gemeente met spesifieke fokus op die administratiewe en finansiële aspekte. Die persoon rapporteer aan die Gemeenteraad en werk ten nouste saam met die Voorsitter van die Finansiële Kommissie, die bedieningspan en ander werknemers en belangegroepe. Die geskikte kandidaat moet naatloos inskakel by ons visie en waardes.

## BYBELSKENKINGS

20 vroue van Leeu Gamka benodig elkeen ‘n bybel, selfs tweedehands is goed.Hulle doen saam bybelstudie en het ‘n groot tekort. Indien u geroepe voel om een te skenk, kontak gerus vir
Benita vd Merwe (065 513 0901)of lewer die bybel by die kerkkantoor af.
Baie dankie vir u goedgesindheid.

## KLAPMUTS KERSGESKENKPROJEK

Die Klapmuts Kersgeskenkprojek het nou ten einde geloop.
Die geld wat ingesamel is, was oorgenoeg vir 50 pakkies.
Ons opregte dank vir die bydraes wat mildelik ingekom het vir hierdie projek.


SUIDER-PAARL GEMEENTE

**NG GEMEENTE SUIDER-PAARL, COURTRAI PAARL, 7646**
**TELNO:** 021 863 2700
**E-POS:** info@suiderpaarl.co.za/www.suiderpaarl.co.za
**LERAARS:** André Kilian/ Danie Malan (Seniors)
Ferreira Marais/ Theo Hay/ Vicus Kruger (Jeug)

SUIDER-PAARL GEMEENTE


Snap here to pay
SnapScan

**MANIERE OM ‘n DANKOFFER TE GEE**

Elektroniese betaling: NG Gemeente Suider Paarl
ABSA Tak: 632005
Tjekno: 740 580 132
Per debietorder: (Reël met kerkkantoor)
Via snapscan